



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

---

## **EKONOMIE MEMORANDUM MODELVRAESTEL**

---

**GRAAD 11**

**2007**

**TYD: 3 ure**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

---

## AFDELING A

### VRAAG 1

**1.1 Dui die korrekte antwoord aan deur slegs die letter (A – C) van die regte antwoord langs die betrokke vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die antwoordboek neer te skryf.**

- 1.1.1 C ✓✓✓
- 1.1.2 B ✓✓✓
- 1.1.3 C ✓✓✓
- 1.1.4 A ✓✓✓
- 1.1.5 B ✓✓✓
- 1.1.6 A ✓✓✓
- 1.1.7 B ✓✓✓
- 1.1.8 C ✓✓✓
- 1.1.9 C ✓✓✓
- 1.1.10 B ✓✓✓
- 1.1.11 A ✓✓✓
- 1.1.12 A ✓✓✓

(12 X 2) (24)

**1.2 Kies uit die lys die korrekte alternatief wat by die stelling pas:**

- 1.2.1 Relatiewe armoede ✓✓
- 1.2.2 oligopolie ✓✓
- 1.2.3 repokoers ✓✓
- 1.2.4 kapitaalmark ✓✓
- 1.2.5 gedesentraliseerd ✓✓

(5 x 2) (10)

**1.3 Pas Kolom A en B.**

- 1.3.1 E (petrol en motorkar) ✓✓
- 1.3.2 D (onderdele gebruik in die vervaardiging van 'n motorkar) ✓✓
- 1.3.3 G ('n toename in die lewenstandaard) ✓✓
- 1.3.4 C (motorkarre) ✓✓
- 1.3.5 H (mense teen wie gediskrimineer is) ✓✓
- 1.3.6 B (tussen 3 – 6 %) ✓✓
- 1.3.7 F (Gautrein) ✓✓
- 1.3.8 A (inisieer 'n skuldverligtings-program) ✓✓

(8 x 2) (16)

**AFDELING A TOTAAL: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2 (LU1 MAKRO EKONOMIE, AS1 - AS4)

#### 2.1 Antwoord die volgende vrae toepaslik.

- 2.1.1 kapitaal ✓✓
- 2.1.2 appresieer ✓✓
- 2.1.3 subsidies ✓✓
- 2.1.4 nie duursame ✓✓

(4 x 2) (8)

#### 2.1.5 Noem enige DRIE faktore wat die ekonomiese belangrikheid van die entrepreneur aandui.

- Verseker mededinging ✓✓
- Skep werkseleenthede ✓✓
- Verhoog doeltreffendheid ✓✓
- Skep nuwe rykdom ✓✓
- Belangrik vir ekonomiese groei ✓✓
- Klein-sake ontwikkeling ✓✓
- Kombineer produksiefaktore ✓✓
- Ryfkrag – bedryfsleier ✓✓

(Enige 3 x 2) (6)

#### 2.2 Bestudeer die volgende inligting

2.2.1 Afname ✓✓✓ (1 x 3) (3)

2.2.2 Tersiêre ✓ = dienste ✓  
Sekondêre ✓ = nywerheid ✓  
Primêre ✓ = landbou ✓ (6 x 1) (6)

2.2.3 Prysbeheer / beskerming / verbeterde kwaliteit hoer produktiwiteit ✓✓✓ (3)

2.2.4 Tersiêre sector (dienste) ✓✓ 45 % ✓✓ (2 x 2) (4)

2.2.5 70 – 60 % ✓✓ = 10 % ✓✓ (2 x 2) (4)

#### 2.3 Verduidelik die volgende vergelyking:

$$BBP(E) = C + G + I (X - M)$$

- BBP = Bruto Binnelandse Produk is waarde ✓✓ van finale goedere en dienste ✓✓ geproduseer binne die grense van 'n land in een jaar ✓✓
- BBP(E) = besteding op bruto binnelandse produk ✓✓
- C = Finale Verbruiksbesteding ✓✓
- G = Owerheidsverbruiksbesteding ✓✓
- I = Bruto Vaste Kapitaalvorming of investering ✓✓
- X = Uitvoer van goedere en nie-faktor dienste ✓✓
- M = Invoere van goedere en nie-faktor dienste ✓✓
- C + G + I = totaie waarde van goedere en dienste geproduseer in geslote ekonomie ✓✓
- Sodra (X – M) bygevoeg word, verwys dit na 'n oop ekonomie ✓✓ (8 x 2) (16)

[50]

### VRAAG 3

#### 3.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik

3.1.1 nemer ✓✓

3.1.2 toeneem ✓✓

3.1.3 veranderlike ✓✓

3.1.4 reële ✓✓

(4 X 2) (8)

#### 3.1.5 Noem enige DRIE kenmerke van 'n volmaakte mark.

- Baie produsente (verkopers) op die mark ✓✓
- Homogene produkte ✓✓
- Verbruikers (kopers) is ten volle ingelig oor pryse ✓✓
- Produsente het algehele vryheid van toetrede en uittrede van die mark ✓✓
- Baie verbruikers in die mark ✓✓
- Geen regeringsinmenging ✓✓
- Geen samespanning ✓✓

(Enige 3 x 2) (6)

#### 3.2 Bestudeer die grafieke en beantwoord die vrae:

3.2.1 A = Eenheidselasties ✓

B = Relatief onelasties ✓

C = Relatief elasties ✓

(3 x 1) (3)

3.2.2

Relatief onelasties (B)	Relatief elasties (D)
In hierdie geval is die persentasieverandering in die hoeveelheid gevra kleiner as die persentasieverandering in die prys van die produk. Bv. As die prys toeneem met 40 %, en die hoeveelheid gevra afneem met 20 %. Dit impliseer dat die pryselastisiteit groter as 0 is maar kleiner as 1 ( $e_p < 1$ ) ✓✓✓	In hierdie geval is die persentasieverandering van die hoeveelheid gevra groter as die persentasieverandering in die prys van die produk. Bv. Die prys styg met 10 %, en die hoeveelheid gevra daal met 60 %. Dit impliseer dat die pryselastisiteit groter is as 1. ( $e_p > 1$ ) ✓✓✓
	(3 x 2) (6)

#### 3.2.3 Verbind die volgende voorbeelde:

B = basiese voedsel ✓

D = MP3 spelers ✓

(2 x 1) (2)

3.2.4  $\% \Delta Q \checkmark = 10/50 \times 100/1 \checkmark = 20 \% \checkmark$

$\% \Delta P \checkmark = 10/50 \times 100/1 \checkmark = 20 \% \checkmark$

$$E_d = \frac{\Delta q}{q} \times \frac{p}{\Delta p}$$

$$= \frac{10}{10} \times \frac{50}{50} \checkmark$$

$$= 1 \checkmark$$

(3 x 3) (9)

**3.3 Illustreer die verwantskappe van vraag deur gebruik te maak van grafieke en toepaslike voorbeelde.**

**Faktore wat vraag beïnvloed:**

$Q_d = f(P_x, Y, P_s, P_c, T, E, N \dots)$  ✓✓

$P_x$  = Prys van die produk ✓

$Y$  = Verbruikersinkome ✓

$P_s$  = Prys van ander verwante goedere (substitute) ✓

$P_c$  = Komplementêre goedere ✓

$T$  = Smaak en voorkeur van verbruiker ✓

$E$  = Verwagtinge oor prys in die toekoms ✓

$N$  = Totale aantal potensiële verbruikers van produk ✓

(Maks 6)

**Die prys van 'n produk** is die enigste faktor wat beweging langs die vraagkurwe veroorsaak teen die hoeveelheid gevra (Sien grafiek A) ✓✓

As enige ander faktore verander, sal die totale vraagkurwe skuif. (Sien grafiek B)

Dit verwys na as 'n verandering in die vraag. ✓✓

Ons kan die verhouding tussen prys en hoeveelheid illustreer deur die volgende in ag te neem:


**Substitute ✓ / Komplementêre produkte ✓**

Bv. Vars melk en poeiermelk / Petrol en motorkarre ✓

(Maks 8)


Prys van produk (vars melk)

**(Grafiek A)**



**(Grafiek B)**

Prys van substituuatprodukt (poeiermelk) / Petrol en motorkarre ✓



Puntetoekenning (grafieke):

- Benoemde asse 2 punte
- Benoemde V-kurwe 2 punte
- Beweging van kurwes 2 punte
- Titels van grafieke 2 punte
- Voorbeeld 2 punte

(Enige 8 x 2) (16)

## VRAAG 4 (LU3 EKONOMIESE STREWES, AS1 - 4)

### 4.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:

- 4.1.1 onverwerkte ✓✓  
4.1.2 inheemse ✓✓  
4.1.3 depositogeld ✓✓  
4.1.4 SAOG ✓✓ (4 x 2) (8)

### 4.1.5 Noem enige DRIE redes vir die ongelyke verdeling van inkome. (3 x 2) (6)

- Ongelyke besit van rykdom ✓✓
- Verskille in samestelling van huishoudings ✓✓
- Verskille in vaardighede en kwalifikasies ✓✓
- Diskriminasie ✓✓
- Ekonomiese stelsels ✓✓
- Enige ander relevante feit (Enige 3 x 2) (6)

### 4.2 Bestudeer die inligting:

- 4.2.1 NEPAD staan vir Nuwe Vennootskap vir Afrika Ontwikkeling ✓✓✓ (3)
- 4.2.2 'n Duidelike toename in belegging in die kontinent, gerig op infrastruktuur-projekte om die produktiewe kapasiteit van Afrika-ekonomieë te vergroot ✓✓✓ (enige ander relevante feite) (3)
- 4.2.3 Ekonomiese groei ✓✓✓ (3)
- 4.2.4 'n Situatie waar handel tussen enige twee lande moet balanseer, of waar enige wanbalans finansier moet word deur krediete, wat direk ooreengekom is tussen die twee lande ✓✓✓ (3)
- 4.2.5
- (a) Hervorming in ontwikkelende lande (Afrika) wat voorkeur geniet by internasionale organisasies soos die IMF en die Wêreldbank. ✓✓✓ (enige ander relevante feit) (3)
- (b) Die Wêreldbank onderskei tussen 3 groepe lande, waaronder die lae-inkomste lande (ontwikkelende lande). Sedert die 1960s het 'n groot aantal baie arm lande geld van instellings soos die Wêreldbank geleen. Die rentebetalinge en paaiements op hierdie lenings verg nou sulke groot bedrae dat hulle geen geld vir armoede verligtingsprogramme oor het nie. In 1996 het die IMF en Wêreldbank die skuldverligtingsprogram van stapel gestuur. Hiervolgens word skuld afgeskryf in terme van begrotingsinkomste of uitvoerverdienste. ✓✓✓ (3)
- (c) EU / Nafta / Mercusor / AU / Agoa ✓✓ (Enige 1 x 2)

### 4.3 Bespreek enige VIER kenmerke van ontwikkelende lande.

(16)

#### (a) Lae lewenstandaard

- Lae per capita inkome ✓✓  
Ongeveer 85 % van wêreld se bevolking leef op slegs een-vyfde van wêreld se inkomste. Hierdie mense lewe in ontwikkelende lande. Per capita inkomste van ontwikkelende lande is gesamentlik gemiddeld 1/20ste van inkomste van ontwikkelde lande. ✓✓  
OF
- Lae groei in per capita inkomste ✓✓  
Ontwikkelende lande het oor algemeen stadiger groei van p.c. reële BNP as ontwikkelde lande. Sommige ontwikkelende gebiede (hoofsaaklik kontinente soos Oos-Asië) en ontwikkelende lande (Maleisië) ervaar soms periodes van hoë groeikoerse. ✓✓  
OF
- Groter ongelyke verspreiding van inkomste ✓✓  
Inkomstegaping tussen ryk en arm mense in dieselfde land is oor algemeen groter in minder ontwikkelde lande – d.m.v. Gini-koëffisiënt gemeet, of kwintiel-verhouding. ✓✓  
OF
- Meer armoede ✓✓  
Lae lewenstandaarde is aanduiding van armoede. Bykans 1/3 van totale bevolking van ontwikkelende lande is arm. In Afrika is situasie slegter as in enige ander plek ter wêreld. Gemeet volgens armodegrens-inkomste of koptellingsindeks ✓✓  
OF
- Lae lewensverwagting ✓✓  
Bykomend tot stryd teen lae ikome, voer baie mense in ontwikkelende lande 'n stryd teen ondervoeding, siektes en swak gesondheid. ✓✓  
OF
- Lae vlakke van onderwys ✓✓  
Lae lewenstandaarde hou verband met lae vlakke van onderwys. Vlak en doeltreffendheid van onderwys word deur koers van volwasse geletterdheid uitgedruk. ✓✓

#### (b) Lae vlakke van produktiwiteit ✓✓

Vlakke van arbeidsproduktiwiteit in ontwikkelende lande is uiters laag vergeleke met dié in ontwikkelende lande. Gebrek of totale afwesigheid van komplementêre faktor insette / te min finansiële middele en onderwys en opleiding / swak voeding in kindertyd ✓✓

#### (c) Hoë bevolkingsgroei en afhankheidslas ✓✓

- Bevolkingsgroei: in ontwikkelende lande is geboortekoerse baie hoog en sterftekoerse neem af vanweë toegenemende beskikbaarheid van moderne medisyne.
- Afhankheidslas. Kinders onder ouderdom van 15 verteenwoordig bykans 40 % van bevolking. Mense bo 65 jaar vir lewensonderhoud van familie afhanklik. ✓✓

#### (d) Hoë vlakke van werkloosheid ✓✓

- Onder-indiensneming. Mense (beide landelik en stedelik) wat minder werk as waartoe hulle in staat is bv. weekliks of seisoenaal.
- Ope werkloosheid (sigbaar). Mense wat in staat is, wil werk, maar vir wie geen werk beskikbaar is nie en ook nie vir hulself kan werkskep nie. ✓✓

(e) **Afhanklikheid van primêre sektor** ✓✓

- Meeste ekonomieë in MOLe is afhanklik van primêre sektor produkte (landbou, brandstof en minerale).
- Meerderheid van bevolking leef en werk in plattelandse gebiede (landbou), en is van primêre goedere soos landbouprodukte, minerale, grondstowwe, brandstof en bosbou afhanklik) ✓✓

(f) **Gebrekkige infrastruktuur** ✓✓

- Bykans onmoontlik om gebreke in fisiese, wetlike, monetêre en mark infrastruktuur in ontwikkelende en veral lae inkome lande te beskryf – swak onderwys, kommunikasie, behuising, minderwaardige onderwys en openbare gesondheidsorg fasiliteite skep ontoeganklike omgewing ✓✓  
(Enige 4 x 4) (16)

[50]



## VRAAG 5 (LU4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES, AS1 – AS4)

### 5.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:

5.1.1 AOTH ✓✓

5.1.2 armoede ✓✓

5.1.3 Sosio ✓✓

5.1.4 plaaslike ✓✓ (4 x 2) (8)

### 5.1.5 Noem enige DRIE oorsake van armoede. (3 x 2) (6)

- Werkloosheid ✓✓
- Onvoldoende infrastruktuur ✓✓
- Gebrek aan hulpbronne ✓✓
- Gebrekkige sosiale infrastruktuur / onderwys ✓✓
- Investerings en skuld ✓✓
- Tekort aan tegnologiese vooruitgang ✓✓
- Swak staatsbestuur / owerheidsbeleid ✓✓
- Geweld en oorlog ✓✓
- Oorsake van verskille in besitreg van arbeid: breinkrag en spierkrag ✓✓  
Vaardigheidsvlakke ✓✓
- Oorsake van verskille in kapitaalbesit: geluk ✓✓ Erfaring ✓✓ Begeerte/vermoë om te versamel ✓✓
- Gedwonge hervestiging en verstedeliking ✓✓
- Siektes ✓✓
- Gebrek aan geleentheid om siklus van armoede te verbreek ✓✓  
(Enige 3 X 2) (6)

5.2.1 Minister van Finansies / Trevor Manuel ✓✓✓ (1 X 2) (2)

5.2.2 Alle hofaspekte van die lewe moet voorkeur geniet wanneer die R15,1 biljoen toegeken word vir opbou van die land in sy totaliteit – alles moet in plek wees om aan toeriste en sokkerentoesiaste die grootsheid en mooiheid van ons land te toon ✓✓✓  
(1 X 3) (3)

5.2.3 Stadionne bou; vervoer-infrastruktuur; polisiëring; kuns en kultuur; mediese dienste; grensbeheer; uitsaai toerusting; farmaseutiese materiaal; entrepreneurskap; oornag-akkommodasie; toerisme; (Enige 3 x 3) (9)

5.2.4 Bekamping van misdaad ✓✓✓ en verbetering van dienste. ✓✓✓ (6)

### 5.3 Bespreek die verskillende benaderings tot volhoubaarheid. (16)

Volhoubare ontwikkeling draai om bevordering en versterking van ekonomiese groei deur hulpbronne meer doeltreffend te gebruik en seker te maak dat hierdie hulpbronne nog vir jare beskikbaar sal wees. Moontlike benaderings tot bereiking van volhoubare ontwikkeling is:

#### 5.3.1 Internasionale ooreenkomste (vrywillige ooreenkomste) ✓✓

Omgewingskwessies nie beperk tot spesifieke gebiede nie. Meeste omgewingsprobleme is wêreldwyd en benodig globale oplossings. Besoedeling in Zimbabwe kan SA, Mosambiek en Botswana beïnvloed. Volhoubare ontwikkeling moet gesamentlik deur lande aangepak word. Rio Aardberaad en Kyoto-protokol is ooreenkomste en vergaderings bygewoon deur talle lande, waar kwessies soos

aardverwarming en besoedeling ter sprake gekom het. ✓✓

### 5.3.2 Tegnologiese ontwikkeling ✓✓

Pogings aangewend om nuwe tegnologie te ontwikkel wat minder besoedeling en afval skep. Ten einde volhoubare ontwikkeling te bevorder, moet gekonsentreer word op skoner, omgewingsvriendelike metodes van produksie. Deur minder afval te produseer en afval te herwin, kan maatskappye nie net tegnieke ontwikkel wat skoner is en hulpbronne meer doeltreffend gebruik nie, maar ook geld spaar. ✓✓

### 5.3.3 Ingryping deur owerheid / Omgewingsbelastings en subsidies / Omgewingsbeheer ✓✓

Omgewingswetgewing, besoedelingswetgewing, besoedelingsbelasting en deeglike ontleding van koste-voordele kan gebruik word as middele om omgewingstabiliteit en volhoubare ontwikkeling te bereik. As regering daarin slaag om vorme van ekonomiese groei te ontmoedig wat omgewing beskadig, sal ons almal voordeel daaruit trek ✓✓

### 5.3.4 Versigtige gebruik van beskikbare hulpbronne ✓✓


Nie-hernubare hulpbronne is bronne wat in vaste hoeveelheid bestaan en uiteindelik uitgeput sal word bv. Olie, steenkool, yster en goud. Metodes van produksie moet ontwikkel word wat al minder op hierdie nie-hernubare hupbronne staatmaak en meer hulpbronne soos sonkrag en hidro-elektriese krag ✓✓

### 5.3.5 Onderwys (openbare mening) ✓✓

Mense hou daarvan om tot beskerming van omgewing by te dra; daarom kan onderwys 'n belangrike rol speel. Indien kinders en volwassenes meer bewus van omgewingsake en gevolge van optredes gemaak word, kan hul verbruiksgewoontes verander. Groter druk op ondernemings plaas om hoeveelheid vaste afval geproduseer en gasvrystellings te verminder. ✓✓

### 5.3.6 Fokus op eksternaliteite ✓✓

- As sosiale grensvoordele die sosiale grenskoste oorskry, moet mense meer van aktiwiteit aanpak, en indiens sosiale grenskoste sosiale grensvoordele oorskry moet mense minder daaraan doen. ✓✓
- Omgewingskade en afvalgroei, alle ander dinge dieselfde, deur helling van afvalkurwe aangedui
- As afval a.g.v. hersirkulering, beheer, ontbinding, suiwering en opruiming effektief hanteer word, kan omgewingskade op elke vlak waar afval geskep word, verminder word – grafiek toon afplating in helling ✓✓
- Grafiek:



### 5.3.7 Omgewingsimpakassesserings (OIAs) ✓✓

- N4 platinumolpad vorm hoofverbinding tussen wes- en ooskus
- Coega-nywerheidsontwikkeling en Coega-hawe
- Konstruksie van ondergrondse pypeleiding vir natuurlike gas van Mosambiek se Temane- en Pande-gasveld na Secunda in Mpumalanga
- Ondersteuningsinfrastruktuur in Groot Limpopo-oorgrenspark
- Regering se armoedeverligtingsplan ✓✓

### 5.3.8 Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling ✓✓

Johannesburg Beraad en Rio Aardberaad behels programme om water, energie, gesondheidsorg, s landbou-ontwikkeling en beter omgewing vir wêreld se arm mense te voorsien – vermindering van armoede en beskerming van omgewing ✓✓

### 5.3.9 Opdrag- en beheerstelsels (OBS) ✓✓

- Sekere maksimum vlakke van gasuitlatings
- Maksimum toelaatbare gebruik
- Minimum aanvaarbare vlakke van kwaliteit ✓✓

### 5.3.10 Onderwys ✓✓

- Maak kinders en volwassenes meer bewus van omgewingsake en gevolge van optrede ✓✓

### 5.3.11 Uitbreiding van private eiendomsregte ✓✓

- Voorkom dat fauna en flora spesies uitsterf – daarom moet mense toegelaat word om eiendomsregte daarop te bekom – lae koste vir belastingbetalers bv. windsplase ✓✓

(Enige 4 x 4) (16)

[50]

## VRAAG 6

### 6.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik;

6.1.1 rente ✓✓

6.1.2 onelasties ✓✓

6.1.3 per capita Nasionale Inkomme ✓✓

6.1.4 Betalingsbalans ✓✓ (4 x 2) (8)

### 6.1.5 Noem enige DRIE kenmerke van natuurlike hulpbronne. (3 x 2) (6)

- Skaarsheid / beperk ✓✓
- Ongelyke verdeling ✓✓
- Nuttigheid / strategiese belang ✓✓
- Gawes uit natuur ✓✓
- Moet verder verwerk word / kan nie in natuurlike staat benut word nie ✓✓
- Raak uitgeput en kan vernietig word ✓✓
- Nodig vir oorlewing ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

### 6.2 Bestudeer die volgende uittreksel:

6.2.1 Straatkinders van Kaapstad ✓✓✓

6.2.2 Al kom jy uit 'n swak agtergrond en jy het baie foute begaan, kan jy steeds 'n suksesvolle besigheidsman word ✓✓  
Daar is verskeie geleenthede vir elkeen wat 'n sukses wil behaal ✓✓  
(Enige relevante antwoord)

6.2.3 Ons benodig meer entrepreneurs – hulle is die risikonemers – hulle skep werk vir baie mense. Dit sal lei tot 'n afname in werkloosheid – werkskepping – hoër persoonlike income en voorkoming van armoede ✓✓✓

6.2.4

- Aktiewe deelname op plaaslike vlak sal verseker dat publieke sektor dienste van 'n sekere vlak en gehalte produseer wat deur inwoners vereis word en wat voldoen aan hul voorkeure ✓✓
- Individue kan hul grondwetlike reg gebruik deur vir politieke party van hul keuse te stem ✓✓
- Deelname aan amptelike strukture wat in plek is soos rade, komitees en forums ✓✓
- Kan vertoë rig deur media, burgerlike organisasies soos belastingbetalers verenigings, petisies en wettige demonstrasies. ✓✓ (Enige 3 X 2) (6)

6.2.5

- Landelike gebiede verloor beter opgeleide, gesonde en produktiewe werksmag ✓✓
- Mense migreer na stedelike gebiede op soeke na werksgeleenthede en beter inkomme
- Mededinging in stede intens – verdien nie voldoende income om huis toe te stuur nie – landelike huishouding verarm meer ✓✓
- Stedelike gebiede groei onbepland – munisipaliteite nie in staat om ekstra dienste te lewer nie – oorbewoning en besoedeling – misdaad neem toe ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

### 6.3 Ontleed Suid-Afrika se infrastruktuur en bespreek sy rol in Suidelike Afrika.

Verwys na land se maatskaplike kapitaal – voetstuk waarop land se ekonomiese struktuur rus ✓✓

- Kommunikasie ✓✓

Suid-Afrika het grootste en mees ontwikkelde kommunikasienetwerk in Afrika. Ingeslote hierby is nuutste ontwikkeling: vaste lyne, koordlose, satelliet en sellulêre tegnologie. Toegang tot telekommunikasiedienste bly 'n probleem. Kommunikasie Owerheid van Suid-Afrika het mandaat om bekostigbare telekommunikasiedienste te voorsien aan voorheen agtergeblewe gemeenskappe. ✓✓

- Vervoer ✓✓

Suid-Afrika het moderne en uitgebreide vervoerinfrastruktuur. Transnet is hoof vervoerkontraakteur in die land is houermaatskappy vir verskeidenheid maatskappye soos:

- Spoornet, wat goedere en passasiers vervoer. Metrospoor is verantwoordelik vir vervoer van pendelaars in stedelike gebiede.
- Portnet is verantwoordelik vir beheer van hawens in Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen, Mosselbaai, Richardsbaai en Saldanhabaai. SAL is grootste lugverkeerkontraakteur in die land. ✓✓

- Energie ✓✓

Energiesektor is onontbeerlik vir SA ekonomie. Alhoewel SA-BBP die 26ste grootste in die wêreld is, is dit die 10de hoogste in terme van energieverbruik in die nywerheidsektor. Suid-Afrika het groot steenkoolbronne wat die opwekking van elektrisiteit in Suid-Afrika die grootste maak. ✓✓ (Enige 5 X 2) (10)

#### Rol wat Suid-Afrika se infrastruktuur speel in Suidelike Afrika

SA se vervoerstelsel voorsien 'n grootmaat handelsverbinding met buitewêreld vir ten minste 6 land-ingeslote lande (bykans of totaal omring deur land) nl. Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi. ✓✓

Suid-Afrika se spoornetwerk is grootste in Afrika. SA beslaan slegs 4,5 % van oopervlak, het 25 % sporlyne en vervoer 66 % van alle vrag. Eskom voorsien meer as 50 % van elektrisiteit wat op hele vasteland opgewek word. Doen sake in 20 Afrikalande. SA het mees ontwikkelde en betroubare kabel telefoonstelsel in hele Afrika. Meer oproepe word elke dag in SA as in hele Afrika gemaak. ✓✓

SA is meer ontwikkelde in terme van infrastruktuur as gemiddelde land in Afrika, ook wat betref:

- **Elektrisiteitsverbruik** – slegs Libië het dieselfde verbruik;
- **Telefone** – slegs Seychelle het beter verhoudings
- **Persoonlike rekenaars** – slegs Seychelle en Mauritius beter verhoudings;
- **Paaie** – slegs Botswana en Namibië het beter verhoudings;
- **Spoorlyne** – slegs Zimbabwe het beter syfer (nuutste data in 1997 met gebruik van SA lokomotiewe)
- **Lugvervoer** – Algerië en Marokko tweede beste. ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

## AFDELING C

### VRAAG 7

**Verskaf inligting oor die eienskappe oor 'n gemengde ekonomie. Ontleed sy doeltreffendheid in terme van sosio-ekonomiese dienste met betrekking tot Suid-Afrika.**

(50)

#### Inleiding:

**Definisie:** 'n Gemengde ekonomie is 'n ekonomiese stelsel waar die voordele van 'n kapitalistiese en 'n sosialistiese ekonomiese stelsel gekombineer word.

Enige ander aanvaarbare definisie of beskrywing. ✓✓✓

(3)

Eienskappe van 'n gemengde ekonomie.

- **Verbruikers is vry om te besluit wat hulle wil aankoop / verbruik.** ✓✓

Verbruikers het vryheid van keuse ten opsigte van beroepe en kan ook besluit hoedat die inkomste verkry, aangewend word op die aankope van verbruiksgoedere en dienste. ✓✓

- **Produkies in die hande van privaat eienaars.** ✓✓

Privaat besit van ondernemings en gevolglike winste is die dryfveer van kapitalisme en privaat ondernemerskap. ✓✓

- **Die Staat se funksie word beperk tot sosiale en openbare dienste.** ✓✓

Die Staat meng in 'n beperkte mate by die ekonomie in om bedrywighede te reguleer en nie te beheer nie. Bv. deur middel van die wet op mededinging en verskaffing van kollektiewe dienste soos paaie, biblioteke en sport geriewe in gemeenskappe. ✓✓

- **Beperkte inmenging deur die staat by prys vasstelling.** ✓✓

Die staat meng in sommige gevalle in by die vasstelling van pryse bv die brandstof prys. ✓✓

- **Die staat gebruik monetêre en fiskale beleid om maksimum ekonomiese groei en volgehoue prysstabiliteit te verseker.** ✓✓

Monetêre beleid word deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank vasgestel en verskeidenheid van monetêre beleidsinstrumente soos bv die repo-koersbeleid word aangewend om sekere mikpunte te behaal. ✓✓

Met fiskale beleid poog die staat om d.m.v. belastings bv persoonlike inkomste belasting spesifieke mikpunte te bereik. ✓✓

- **Daar is 'n neiging tot privatisering.** ✓✓

Privatisering vind plaas waar staats eiendom deur privaat inisiatief op verskeie maniere oorgeneem word. Bv die verkoop van staatsbates, uitkontraktering en beeëindiging van dienste. ✓✓

- **Motivering :** ✓✓

In die privaatsektor van 'n gemengde ekonomie is verbruikers en produsente gewoonlik sterk gemotiveer deur die wins motief en eie belang. ✓✓

- **Eienaarskap :** ✓✓

Verbruikers, produsente en organisasies besit die meeste produksie faktore. Ten spyte hiervan besit die staat 'n redelike groot komponent van produksie faktore. In Suid-Afrika besit die staat grond en kapitaal direk en deur ondernemings soos bv Transnet, Telkom, die Poskantoor, Eskom, Denel en die SABC. ✓✓

- **Mededinging / Kompetisie:** ✓✓

In die privaatsektor bestaan groot kompetisie tussen ondernemings en 'n groot verskeidenheid van goedere en dienste word geproduseer. ✓✓

- **Staatsinmending :** ✓✓

Die staat meng in die ekonomie in ten einde sosiale- en welsynsdoelwitte te bereik asook die verbetering van die funksionering van markte. ✓✓

Enige 5 x 4 (20)

EN

**Ontleed sy doeltreffendheid in terme van sosio-ekonomiese dienste met betrekking tot Suid-Afrika.**

**Sosiale dienste** ✓✓

✓✓

- **Totale sosiale dienste verskaffing** sluit in besteding op behuising, onderwys, gesondheidsdienste, sosiale sekerheid en welsyn. Die styging in die besteding op sosiale dienste is effens hoër as die 9,5% toename in die totale begroting sedert 1993. ✓✓.

✓✓

- Suid-Afrika het 'n enkel **onderwys sisteem** wat georganiseer en bestuur word deur die Nasionale Departement van Onderwys. Die stelsel akkomodeer meer as 11.7 miljoen leerders in skole, 448 868 universiteit studente en 216 499 technikon studente in 2003. ✓✓

✓✓

- **Opleiding.** In 2000, het elk van die 25 Setas 'n sektorale vaardigheidsplan aan die Departement van Arbeid voorgelê wat leerderskap programme insluit. ✓✓

- **Gesondheid.** ✓✓  
Goeie gesondheid van mense laat hulle toe om die lewe te geniet en veskaf energie om te werk en te speel. In Suid-Afrika sluit gesondheidsdienste die dienste van tandartse, dokters, verpleegster en ander geregistreerde mediese dienste soos optometriste, fisioterapeute, sielkundiges en dieëtkundiges in. ✓✓  
✓✓
- **Sosiale Sekerheid.** 'n Armoede-verligtings-program word deur die Departement van Sosiale Ontwikkeling in al 9 provinsies bestuur. (hoofsaaklik voedsel) Dit beskerm en bevorder die regte van kwesbare groepe bv kinders, bejaardes, vrouens en gestemdes. ✓✓  
✓✓
- **Behuising.** Behuising vir armes in Suid-Afrika word voorsien deur die Nasionale Departement van Behuising, Provinsiale Departemente en Munisipaliteit. Sedert 1994 het die staat 1,489510 formele nedersettings aan arm families voorsien. Behuisingssubsidieskema voorsien ses befondsings opsies aan mense wat 'n inkomste van R3 500,00 en minder per maand ontvang. ✓✓  
✓✓
- **Beskermingsdienste.** Dit sluit in verdediging, polisie, gevangenis en regsdiens. Sedert 1997 het geweld misdadig vinniger toegeneem as gewone misdadig. Dit het bygedra tot 'n groei in die gevoel van onveiligheid en het dit gelei tot 'n noemenswaardige uitbreiding in privaat sekuriteitsondernemings. ✓✓

## OMVANG VAN EKONOMIESE DIENSTE

In Suid-Afrika het owerheidsbesteding t.o.v ekonomiese dienste toegeneem van 18,3 miljoen in 1993 tot 49.9 miljoen tot 2005 wat 'n jaarlikse toename van 8,6 % beteken.:

- Landbou ✓✓
- Kommunikasie ✓✓
- Omgewingsake en toerisme ✓✓
- Arbeid ✓✓
- Binnelandse Sake ✓✓
- Minerale en Energie, Publieke Werke ✓✓
- Handel en Nywerheid ✓✓
- Transport ✓✓
- Waterwese en Bosbou ✓✓

## GEVOLGTREKING

In 'n gemengde ekonomie soos tans gebruik in Suid-Afrika speel die staat 'n baie belangrike rol in die verskaffing van goeie kwaliteit dienste. Daardeur verseker hulle 'n minimum lewensstandaard en in ander gevalle verbeter die lewensstandaard van duisende ander inwoners. ✓✓

**MAKSIMUM PUNTE: 50**



## VRAAG 8

**“Wins hou verband met die kostes wat die onderneming moet aangaan en die inkomste wat die onderneming verdien.”**

**Bespreek bogenoemde stelling.**

[50]

### 1. Koste en Inkomste ✓✓

Inkomste word bereken deur die prys van die produk te vermenigvuldig met die hoeveelheid wat verkoop word. ✓✓ Koste kan in twee **breë tipes** verdeel word:

#### Konstante / Vaste koste: ✓✓

Is die koste wat besighede moet betaal ongeag hoeveel eenhede geproduseer word. ✓✓

Die koste sluit **aanvangskoste** ✓✓ soos, grond, geboue, toerusting en masjinerie in. ✓✓

Dit is die koste wat aangegaan moet word alvorens produksie in aanvang kan neem.

Nog voorbeelde van die tipe koste sluit in : Versekering, rente op lenings en eiendomsbelasting. ✓✓

#### Veranderlike koste : ✓✓

Is die koste wat direk met die hoeveelheid wat geproduseer word verband hou. ✓✓

Sulke koste sluit normaalweg die volgende in : koste van grondstowwe,

lopende koste ten opsigte van vervoer, kommunikasie en elektrisiteit. ✓✓

(In sommige gevalle kan lone en salarisse ook 'n veranderlike koste item wees)

Punte 2 = opskrif  
Punte 2 = definisie  
Punte 2 = Voorbeeld

Tipes koste

/16/

### 2. Wins en verlies : ✓✓

Wins/verlies word bereken deur die totale koste (TK) van totale inkomste (TI) af te trek. ✓✓

Besighede word bedryf om wins te maak. ✓✓

Besighede wat instaat is om wins te vermeerder sal kan uitbrei, ✓✓

hul werkers beter betaal, ✓✓

groter marktaandeel verkry en groter uitbetalings aan aandeelhouders maak. ✓✓

Alle besighede poog om wins te maksimeer. Dit sal slegs gebeur as die grensinkomste gelyk is aan grenskoste. ✓✓

In 'n dinamiese ekonomiese stelsel is dit nie vanselfsprekend dat hierdie voorwaarde (MI=MK) bereik sal word nie, ✓✓

aangesien die omstandighede wat vraag en koste beïnvloed, voortdurend verander. ✓✓

Die omvang van winste verskil na gelang van die markstruktuur waarbinne die besigheid sake doen. ✓✓

Opskrif (2) + Enige 5x2) /12/

### 3. Indiensneming van produksiefaktore: ✓✓

As dit by die indiensneming van produksiefaktore kom stel besighede belang in die addisionele inkomste wat verkry kan word uit die addisionele produkte wat deur die addisionele produksiefaktore geproduseer kan word. (MIP=Grensinkomeprodukt) ✓✓

Dit word met die addisionele uitgawe ten opsigte van die produksiefaktor gebruik. (Marginale inkomste koste:MIK) ✓✓

#### Besighede sal een van die volgende opsies kies :

- 3.1 **MIP>MIK** : ✓✓ Dit is voor die hand liggend dat 'n besigheid nie 'n produksiefaktor sal aankoop as die addisionele voordeel van die produksiefaktor nie die koste daarvan oorskrei nie. ✓✓  
Die addisionele voordeel is die waarde van die ekstra produksie wat die nuwe produksiefaktor kan lewer. As 'n toename in die hoeveelheid van die produksiefaktor die inkomste meer laat styg as wat die uitgawes styg om die produksiefaktor aan te koop kan 'n besigheid sy wins vergroot deur meer van die produksiefaktor indiens te neem. ✓✓
- 3.2 **MIK>MIP** : ✓✓ As 'n vermindering in die hoeveelheid van 'n produksiefaktor 'n groter daling in uitgawes meebring, as wat dit inkomste verminder, kan 'n besigheid sy wins vergroot deur minder van die produksiefaktor te gebruik. ✓✓ Dit is die geval waar  $MIK > MIP$  ✓✓
- 3.3 **MIP=MIK** : ✓✓ Dit gebeur as die besigheid sy wins maksimeer, MIP gelyk aan MIK moet wees. ✓✓ Indien die besigheid meer van die produksiefaktor moet gebruik wanneer  $MIP > MIK$ , en indien dit minder van die produksiefaktor moet gebruik wanneer  $MIP < MIK$ . ✓✓

Die hoeveelheid van 'n produksiefaktor wat 'n besigheid sal koop hang af van die ekstra inkomste wat die besigheid sal kry deur die produksie wat die produksiefaktor toevoeg, te verkoop

'n Produksiefaktor is van waarde, nie omdat dit direk een of ander doelwit kan bevredig nie, maar omrede dit indirek doelwitte bevredig.

Opskrifte : 3x2 = 6  
Verduideliking : 3x2 = 6 /12/

**SUBTOTAAL : 40**

INTERPRETASIE VAN ONDERWERP	
0 PUNTE	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie en is daar geen verband tussen die antwoord en die onderwerp nie.
1 PUNT	Kandidaat toon 'n mate van begrip van onderwerp – mis belangrike aspekte van onderwerp.
2 PUNTE	Kandidaat interpreter onderwerp korrek – toon geen verband tussen feite en onderwerp nie.
3 PUNTE	Kandidaat interpreter onderwerp korrek – verbind feite met onderwerp.

STRUKTUUR VAN ANTWOORD	
0 PUNTE	Antwoord is swak gestruktureer en onlogies.
1 PUNTE	Inleiding en slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
2 PUNTE	Inleiding of slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
3 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is egter onlogies – standpunt onduidelik.
4 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is somtyds onlogies – standpunt is duidelik.
5 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met duidelike inleiding (3), inhoud en slot (2). Feite logies aangebied – standpunt is duidelik.

TAALGEBRUIK	
0 PUNT	Taalgebruik baie swak – algehele foutiewe gebruik van vakterminologie – onlogiese taalgebruik oor die algemeen – telegramstyl.
1 PUNTE	Taalgebruik is redelik – vakterminologie in sekere gevalle foutief – sinskonstruksie redelik – gebrek aan toepaslike illustrasies / voorbeelde.
2 PUNTE	Taalgebruik baie goed – vaardige gebruik van vakterminologie deurgaans – logiese sinskonstruksie, met die nodige illustrasies, voorbeelde en argumente.

(10)

[50]

## VRAAG 9 (LU3 EKONOMIESE STREWES, AS1)

Skryf 'n opstel oor die **skepping van welvaart** volgens die patoon van herverdeling, sodat dit sal lei tot ekonomiese groei en 'n hoë lewensstandaard.

(50)

### 9.1 Inleiding

Die omvang van ongelykheid in die verdeling van rykdom is in die algemeen baie groter as die geassosieerde verdeling van persoonlike inkomste. Dit impliseer dat die verdeling van inkomste verdien uit rykdom baie meer ongelyk is as die verdeling van inkomste verdien uit arbeid. Dit bring mee dat die ongelyke verdeling van rykdom die grootste bydraer is tot die ongelyke verdeling van die totale inkomste in Suid-Afrika.

**Of enige ander aanvaarbare inleiding.** ✓✓✓ (3)

### 9.2 Die proses van welvaartskepping

Welvaart word geskep deur middel van besparings. ✓✓

Besparings het sy oorsprong in inkomste. ✓✓

Inkomste nie verbruik word besparing genoem. ✓✓

Soos verduidelik in die volgende vergelyking:

**(S = Y – C) of (S = I – U)** ✓✓

Waar ; Y = Inkomste

C = Verbruikersbesteding

S = Besparing ✓✓

Besparings word bymekaar getel (op gepot) totdat genoegsame fondse geakkumuleer is om die verlangde bate aan te koop, bv. fiets, meubels, aandele of grond. ✓✓

Individue ontvang inkomste vir die lewering van produksie faktore bv arbeid en bates. ✓✓

Die sakesektor ontvang inkomste hoofsaaklik uit verkope ✓✓ en die staat ontvang inkomste hoofsaaklik uit belastings. ✓✓

### 9.3 Die rol van Suid-Afrika met betrekking tot infrastruktuur, handel en mededingendheid oor grense in Afrika.

By die melding van Afrika is die eerste gedagte by meeste van die mense die van oorlog, armoede en korrupsie. Watter rol kan Suid-Afrika in die verband speel.

#### 9.3.1 Infrastruktuur

Fisiese infrastruktuur bestaan uit 'n verskeidenheid van elemente. Basiese infrastruktuur bestaan uit: Vevoer, kommunikasie en energie. ✓✓

Voldoende en betroubare voorsiening van elektrisiteit is 'n noodsaaklike bestanddeel vir ekonomiese ontwikkeling van lande in Afrika. ✓✓.

Die Suid-Afrikaanse vervoerstelsel is verbind tot die res van die wêreld en is in staat om op 'n groot skaal met vervoer kwessies te handel ✓✓

Suid-Afrika se spoorwegnetwerk is die grootste in Afrika. Suid-Afrikaanse hawens hanteer die grootste gedeelte van in- en uitvoere in Afrika. Eskom verskaf meer as 50% van elektrisiteit op die kontinent. Eskom is werksaam in 20 Afrika lande. Suid-Afrika het die gevorderdste en betroubaarste kabel telefoonnetwerk. ✓✓✓✓

### 9.3.2 Handel

Handel tussen Suid-Afrika en Suider Afrika oorskry die totale handel tussen Suider Afrikaanse state. ✓✓

Na jare van onderhandeling is daar 'n ooreenkoms tussen die SADEC lande bereik wat die verwydering van invoertariewe insluit, ✓✓

wat vryhandel tussen die SADEC lande sal beteken. ✓✓

Die Suider Afrikaanse doane unie is nog 'n voorbeeld om handel in Suider Afrika te liberaliseer. ✓✓

Die belangrikste uitvoerprodukte vanuit Afrika: Prokute uit die primêre sector bv. bosbouprodukte, petroleum, koper, yster, katoen, olie, grondboontjies, vleis en 'n klein hoeveelheid vervaardigde goedere. ✓✓

Die belangrikste invoer produkte is vervaardigde- en kapitaal goedere. ✓✓

### 9.3.3 Mededinging

Sedert 1998, het die Internasionale Instituut vir Bestuurs Ontwikkeling in jaarboek oor wêreld mededingendheid gepubliseer. ✓✓

Dit vergelyk die mededingendheid van lande ten opsigte van sekere kreteria bv:

- Internationalisasie .✓✓
- Regering ✓✓
- Infrastruktuur ✓✓
- Bestuur ✓✓
- Wetenskap en tegnologie ✓✓
- Beskikbaarheid van vaardighede en menslike hulpbronne. ✓✓

Suid Afrika se posisie in terme van doeltreffende regering het met 3 plekke verbeter tot 27 ste posisie. ✓✓

Alhoewel Suid-Afrika 3de is in terme van mededingendheid het Suid-Afrika die beste vordering gemaak in tegnologie. ✓✓

Dit dui op ons vermoë om te kompiter in wêreld markte. ✓✓

Areas waarop Suid-Afrika moet verbeter is: Misdaad, publieke gesondheid en besteding op navorsing en ontwikkeling en koste van telefoondienste. ✓✓

(35)

### 9.4 Gevolgtrekking

Suid-Afrika word beskou as 'n ekonomiese reus in Suider Afrika. Met 'n BBP van ongeveer 4 keer die grootte van die 13 ander Suider Afrikaanse state gekombineer. Die teenwoordigheid van Suid-Afrika maak 'n baie groot verskil in die streek.

Of enige ander relevante gevolgtrekking ✓✓

(2)

**SUB TOTAAL : (40)**

INTERPRETASIE VAN ONDERWERP	
0 PUNTE	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie en is daar geen verband tussen die antwoord en die onderwerp nie.
1 PUNT	Kandidaat toon 'n mate van begrip van onderwerp – mis belangrike aspekte van onderwerp.
2 PUNTE	Kandidaat interpreter onderwerp korrek – toon geen verband tussen feite en onderwerp nie.
3 PUNTE	Kandidaat interpreter onderwerp korrek – verbind feite met onderwerp.

STRUKTUUR VAN ANTWOORD	
0 PUNTE	Antwoord is swak gestruktureer en onlogies.
1 PUNTE	Inleiding en slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
2 PUNTE	Inleiding of slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
3 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is egter onlogies – standpunt onduidelik.
4 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is somtyds onlogies – standpunt is duidelik.
5 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met duidelike inleiding (3), inhoud en slot (2). Feite logies aangebied – standpunt is duidelik.

TAALGEBRUIK	
0 PUNT	Taalgebruik baie swak – algehele foutiewe gebruik van vakterminologie – onlogiese taalgebruik oor die algemeen – telegramstyl.
1 PUNTE	Taalgebruik is redelik – vakterminologie in sekere gevalle foutief – sinskonstruksie redelik – gebrek aan toepaslike illustrasies / voorbeelde.
2 PUNTE	Taalgebruik baie goed – vaardige gebruik van vakterminologie deurgaans – logiese sinskonstruksie, met die nodige illustrasies, voorbeelde en argumente.

(10)

**TOTALE PUNT (50)**

## VRAAG 10 (LU4 HUIDIGE EKONOMIESE KWESSIES, AS2)

Verduidelik globalisering as verskynsel en debateer die negatiewe en positiewe gevolge van globalisering.

Verduideliking van globalisering.

Word gedefinieer as 'n proses waardeur die ekonomie van die wereld al meer en meer integreer. ✓✓

Dit lei na een globale ekonomie en globale ekonomiese beleid, ✓✓  
 deur internasionale agente soos die Wereld Handelsorganisasie.(WHO) ✓✓  
 Gedurende die 90s was daar vinniger integrasie van wereld ekonomiee. ✓✓  
 Kapitaalmarkte het spoedig ontstaan selfs in ontwikkelende lande. ✓✓  
 Toerisme en migrasie het in sommige streke drasties toegeneem. ✓✓  
 Nuwe tegnologie het verder bygedra tot vinnige integrasie van lande.(Global village effek) ✓✓

### Enige (12)

Wat is NEGATIEF van globalisering?	Wat is POSITIEF van globalisering?
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Gebrek aan aanspreeklikheid</b> ✓✓</li> </ul> <p>Multinasionale maatskappye in plaas van onafhanklike owerhede is aanspreeklik vir besluite soos waar om fabriek op te te rig wanneer om toe te maak, in watter lande om te investeer. ✓✓</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Toename in handel</b> ✓✓</li> </ul> <p>Verbruikers en produsente kry 'n groter keuse van laer koste produkte. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Wat van die armes?</b> ✓✓</li> </ul> <p>Die wereld se armes het nog weinig gesien van die voordele van globalisering. Somige se dat hulle swakker af is na globalisering ✓✓</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Groot en vinnige toename in kapitaal en private investering.</b> ✓✓</li> </ul> <p>Lande is instaat gestel om vinniger te ontwikkel wat hul andersins nooit kon regkry nie. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Verlies aan eie kultuur</b> ✓✓</li> </ul> <p>Die teenwoordigheid van wereld handelsmerke en die gesofistikeerde advertensie wat gebruik word om dit te verkoop veroorsaak dat die wereld oral dieselfde begin lyk. ✓✓</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Verbeter die lewe van baie.</b> ✓✓</li> </ul> <p>Voordele uit beleggings en investering kan die lewens van baie verander. ✓✓                      BV Werkskepping. ✓✓</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Toename in kompetisie</b> veroorsaak druk op mense wat verloorders tot gevolg het. ✓✓</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Buitelandse investering</b> ✓✓</li> </ul> <p>Buitelandse investering in 'n land kan help dat regerings genoeg geld het om te bestee op onderwys, gesondheidsdienste ens. ✓✓</p>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Makliker toegang tot internasionale markte. ✓✓</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Blootstelling tot nuwe idees, tegnologie en produkte. ✓✓</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Toenemende kompetisie kweek wenners.</b> ✓✓</li> </ul>

Max : (26)

## **Gevolgtrekking :**

Globalisering besit groot potensiele voordele vir veral ontwikkelende lande ; daar is beslis meer voordele as nadele. Die prestasie van ekonomiee en die lewensstandaard van hul inwoners hang baie daarvan af van hoe ekonomiee voordeel trek uit die funksionele integrasie van ekonomiese aktiwiteite en internasionale netwerke. ✓✓ (2)

	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0 PUNTE	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie en is daar geen verband tussen die antwoord en die onderwerp nie.
1 PUNT	Kandidaat toon 'n mate van begrip van onderwerp – mis belangrike aspekte van onderwerp.
2 PUNTE	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek – toon geen verband tussen feite en onderwerp nie.
3 PUNTE	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek – verbind feite met onderwerp.

	STRUKTUUR VAN ANTWOORD
0 PUNTE	Antwoord is swak gestruktureer en onlogies.
1 PUNTE	Inleiding en slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
2 PUNTE	Inleiding of slot ontbreek – aanbieding van feite is logies.
3 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is egter onlogies – standpunt onduidelik.
4 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met inleiding, inhoud en slot. Aanbieding van feite is somtyds onlogies – standpunt is duidelik.
5 PUNTE	Antwoord is goed-gestruktureer met duidelike inleiding (3), inhoud en slot (2). Feite logies aangebied – standpunt is duidelik.

	TAALGEBRUIK
0 PUNT	Taalgebruik baie swak – algehele foutiewe gebruik van vakterminologie – onlogiese taalgebruik oor die algemeen – telegramstyl.
1 PUNTE	Taalgebruik is redelik – vakterminologie in sekere gevalle foutief – sinskonstruksie redelik – gebrek aan toepaslike illustrasies / voorbeelde.
2 PUNTE	Taalgebruik baie goed – vaardige gebruik van vakterminologie deurgaans – logiese sinskonstruksie, met die nodige illustrasies, voorbeelde en argumente.

(10)

TOTALE PUNT (50)

**GROOT TOTAAL: 300**